# Lesing 06.04.2018 - DEEL 11- Dogter van Sion - Is daar nog so `n huis in die RSA?

## Sal ons die dag weet?

Baie gelowiges glo dat ons nooit die dag van JaHWèshua se koms, óf dan die dag van die begin van die einde, sal weet nie. Dit is nie waar nie, want die geskiedenis bewys dat JaHWeH altyd sy kinders voortydig gewaarsku het. Dit is gewoonlik dié wat dink hulle weet alles, wat altyd in die grootste duisternis bly wandel het. Vergelyk die fariseërs en die koningshuis van Juda tydens JaHWèshua se geboorte. Daarteenoor word die geboorte deur wyse manne in die verre ooste, wat ongetwyfeld wys in die leer van JaHWeH was, raakgesien in hulle geskrifte, hulle neem `n lig waar en volg die lig tot waar dit gaan stilstaan bokant die stalgrot waar ons Messias gebore is.

Net so glo ons by die Dogter van Sion dat daardie lig weer aan die einde gegee sal word vir diegene wat Hom sal soek en wat Hom liefhet en wat Sy leer onderhou. Kom ons kyk na die volgende bewys daarvan in:

**Matthéüs 24:36-50** praat ons Meester met twee groepe mense, die wat gelowig is, wat waak en wat werk in Sy wingerd en dan die wat as drinkers, eters en spelers tipeer word, wat hulle medediensknegte slaan. Vir die laasgenoemde ongelowige groep sê hy die volgende:

*36 MAAR van **dié dag en dié uur** weet niemand nie, ook die Boodskappers van die Hemele nie, maar net My VADER alleen. 50 dan sal die Meester van dié dienskneg kom **op 'n dag** dat hy dit nie verwag nie **en op 'n uur** dat hy dit nie weet nie;*

Hulle sal dus nie van beide die ***dag***, sowel die ***uur,*** bewus gemaak word nie, want in hulle swelgery, naywer en naastehaat sal hulle harte alles wat deur `n ware kind van JaHWeH gesê en geskryf word, met minagting verwerp. So vind ons die hovaardige kerklui wat nooit in der ewigheid na iemand anders as `n teologiese gegradueerde sal luister nie. Hulle sal die visioen van `n eenvoudige vrou (bid jou aan, nogal `n vrou, want hulle moet mos stilbly in die gemeente!) soos Aletta met minagting verwerp.

Teenoor hierdie groep hoogmoedige spelers en swelgers staan die volgende groep wat hulleself besig hou met die dinge wat JaHWèshua ons kom leer het.

*45 WIE is dan die getroue en wyse dienskneg vir wie sy Meester oor Sy diensvolk aangestel het om hulle hul **voedsel op tyd** te gee? 46 Geseënd is daardie dienskneg vir wie sy Meester, as Hy kom, **op hierdie manier** besig sal vind. 47 Voorwaar Ek sê vir julle, Hy sal hom oor al Sy besittings aanstel.*

Die voedsel sal hoofsaaklik geestelike brood wees, maar sal ook naastediens in die fisiese voorsiening insluit. Die Dogter van Sion is al vir meer as tien jaar besig om geestelike voedsel aan die volk te gee, daarom bid ons dat Hy in Sy almag ook vir ons sal waarsku wanneer ons tyd op aarde uitgeloop het. Kyk wat belowe JaHWèshua aan hierdie getroue kinders van Hom.

*44 Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die Adam kom **op 'n uur** dat julle dit nie verwag nie.*

Sien u dat hierdie vers slegs praat van die ***uur*** en nie ook van die ***dag*** nie. Hulle sal dus wel die dag weet, maar nie die uur nie. Daar is dus duidelik `n verskil en sal in die volgende gedeelte van die tien maagde bevestig word. U ken almal die gelykenis van die vyf wyse en die vyf dwase maagde in die volgende hoofstuk, **Matthéüs 25**. Kom ons lees die toepaslike verse met aandag.

*6 En **middernag was daar 'n geroep**: Daar kom die Bruidegom; gaan uit hom tegemoet! 7 Toe staan al daardie maagde op en **maak hulle lampe gereed.***

Middernag dui die donkerste tyd in ons volk se geestelike lewe aan, wat verseker nou sulke tyd is. Hoe gaan Hy roep? Hy is almagtig en kan op enige manier roep, maar vir my is Aletta se visioen `n oproep wat uitskreeu dat Hy kom!

Wees gereed, roep JaHWèshua, ek sal hier wees oor 280 dae, oor 40 weke, die tyd wat `n vrou verwagtend is, en dan sal die Seuntjie (die Bruidegom) hier wees!

Hier het Hy vir haar die **dag** gegee, maar nie die **uur** nie! Dit is dus `n boodskap vir die kinders wat in Sy wingerd werk, hulle wat olie in hulle lampe het, hulle wat wys is.

Die dwase maagde is hulle wat na hulle betaalde dominees toe gaan met elke iedere ou openbarinkie wat deur die Gees aan hulle of aan hulle medebroers gegee word. Alles moet mos eers met die betaalde amptenaar uitgeklaar word, want ek betaal mos my deel aan my kerk. JaHWèshua word slegs gedien deur onbaatsugtige diensknegte wat net na Hom opsien vir leiding en wat nie gebonde is aan `n wêreldse konstitusie of menslike belydenis geskrifte nie. Om nie eers te praat daarvan dat jy JaHWèshua se Woord gaan toets by die mens nie!

Wanneer die dwases dan uiteindelik wakker word en wil terugkom, kry hulle die deur (JaHWèshua se hart) gesluit vir hulle en dan hoor hulle hierdie ontsettende woorde:

*12 Maar hy antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, **Ek ken julle nie.***

Weereens kom die waarskuwing aan diesulkes wat eet en drink saam met die dronkaards (dominees) van **Jesaja 28:7 en 8**:

*7 En ook die [manne] hier wankel deur die wyn en waggel deur sterk drank; **priester en profeet** wankel deur sterk drank, **hulle is verward** van die wyn, hulle waggel van sterk drank, hulle wankel as hulle gesigte sien, hulle waggel by die regspraak.* [JeshaJaH 28:7]

*8 Want al die **tafels is vol walglike uitbraaksel**, sodat daar geen plek is nie.* [2 Petrus 2:22]

**Matt. 25:13** *Waak dan, omdat julle **die dag en die uur** nie weet waarop die Seun van die Adam kom nie.* [Psalm 37:7]